

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 13, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2013 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

## Wanneer Satan toeslaan!

Jesus Christus beskryf Satan as 'n *baie werklike* geestelike wese. Hy sê: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word" (Johannes 12:31). Die Nuwe Testament wys duidelik dat Satan nou *in beheer* is van die huidige menslike samelewing. Die Almagtige God kan Satan natuurlik te enige tyd *oorheers*, maar Hy laat die wêreld toe om oor die algemeen sy eie gang te gaan, om sodoende sy *lesse* vir 6,000 jaar van die menslike geskiedenis *te leer*. Die apostel Paulus beskryf Satan as: "... die **owerste** van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). Satan is nou *in beheer* van hierdie wêreld se atmosfeer. Satan *saai* verkeerde gesindhede en perverse idees regoor die wêreld *uit* – soms deur televisie, soms deur die Internet en soms ook op ander maniere.

Gevolgtik het ons aanhoudende oorloë, moorde, gevegte, verkragtings, martelings, diefstal, hongersnood – asook oraloor die verbroekeling van gesinne. Satan was van die begin af 'n *moordenaar* en 'n *leuenaar*. Jesus Christus het aan die godsdienstige mense van Sy tyd gesê: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen

waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Johannes 8:44). Satan, die meester bedrieër, vermeng ewe listig allerhande idees van goed en kwaad om hierdie hele wêreld te **mislei**. Dit is waarom die apostel Johannes die Satan beskryf as: "... die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die **hele wêreld** verlei [mislei]" (Openbaring 12:9).

As een van die baie voorbeelde van Satan se massiewe misleidings en sy bedoeling om *die gesin te vernietig*, het ons in Desember 2012 gehoor dat die nuwe *Queen James Version* (QJV) van die Bybel wat in Amerika gepubliseer en beskikbaar gestel is vir verkope (*Australian Women's Weekly*, 18 Desember 2012). Die buiteblad vertoon 'n reënboogkruis (wat "*gay pride*" voorstel) en die doel is om Bybelverse wat homoseksualiteit veroordeel, te verander sodat "homofobiese" vertolkings onmoontlik gemaak word (*ibid.*). In totaal is agt gedeeltes van die *King James Version* geredigeer om God se duidelike opdragte daaruit te verwyder.

Die meeste van u wat intekenaars op *Die Wêreld van Môre* is, weet alreeds dat – van die begin tot die einde van die Bybel – die Almagtige God homoseksualiteit in al sy vorme duidelik **veroordeel!** Terwyl die "menslike redenasie" agter hierdie perverse praktyk beskryf word, selfs

deur antieke filosowe, sê God se woord: "Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (Romeine 1:26-27). Ja, die Almagtige God noem homoseksuele dae 'n "skandelikheid". Sy geïnspireerde woord beskryf God se houding teenoor wat aanleiding gegee het om selfs die woord **sodomie** daar te stel: "... soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan. Tog besoedel ook hierdie mense net so in hulle dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike wesens" (Judas 7-8).

Let daarop dat homoseksuele leiers wat "die vlees besoedel" ook gou is om **heerskappy te verag** en hulle *laster* aanhoudend die *heerlike wesens* [engele]. Satan wil deur perverse praktyke soos hierdie die hele fatsoenlike lewenswyse, wat gelukkige gesinne, gebalanseerde kinders en mense as potensiële lede van God se eie Gesin, vernietig.

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Wanneer Satan toeslaan!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Is Amerika afgesny van God? 3

Min mense sou vandag die Verenigde State van Amerika 'n "Christelike" nasie noem. Verwarrende idees oor God raak al hoe meer prominent en miljoene mense verwerp God selfs geheel en al. Waarom?

#### Seks: Is dit sonde? 8

Wat dink God van die menslike seksualiteit? Behoort dit 'n bron van skaamte te wees? Is "enigiets toelaatbaar" – of onthul u Bybel belangrike waarhede aangaande Christene en seks?

#### Môre se Jeug 13

"Dit was net 'n grap!"

#### Is u 'n Quartodesimaan? Behoort u een te wees? 15

Namate die jaarlikse onderhouding van Paasfees [Easter] en die Pasga nader kom, bly 'n saak wat in die tweede eeu omstrede was steeds relevant vir Christene van vandag.

#### Ja of nee? 20

Volg u Christus se vermaning wanneer u 'n eed aflê?

#### Die Werk van Sy hande 21

Hoe oud is die aarde?

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

John Robinson

### Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV*, *Nuwe Vertaling*, 1983).

# Is Amerika afgesny van God?

Deur Roderick C. Meredith

*Verbysterende verandering lê voor en sal binnekort 'n invloed hê op u lewe en die lewens van al u geliefdes. Ons samelewing het weggedraai van die ware God – die God van die Bybel.*

Voordat Barack Obama president van die Verenigde State geword het, toe hy nog Senator was, het hy in 'n beleidstoespraak gesê: “Wat ons ook al voorheen was, ons is nie meer 'n Christelike nasie nie – ten minste nie *uitsluitlik* nie. Ons is ook 'n Joodse nasie, 'n Moslem-nasie en 'n Boeddhistiese nasie en 'n Hindoe-nasie en 'n nasie van ongelowiges” (26 Junie 2006).

*Hoe waar is dit nie!*

Baie Amerikaners – die meeste – wend hulle nie meer tot die God van die Bybel in tye van krisis en tragedie nie. Hulle wonder eerder: “Waar was God toe 20 kinders in die Newtown-slagting gesterf het?” Of: “Waar was God in die Columbine Skool skietery meer as 'n dekade gelede?” Of: “Waar is God wanneer die een massamoord na die ander gepleeg word?”

Dit wil voorkom asof Amerika nie meer dieselfde nasie as voorheen is nie. Dit was voorheen die “arsenaal van demokrasie” en die wêreld se grootste krediteur-nasie, maar is nou 'n debiteur-nasie wat die lank-gekoesterde waardes, waarop die hele “Amerikaanse lewenswyse” gebaseer was, bevraagteken.

Het God enigsins iets te doen gehad met die afname in Amerika

se internasionale mag en aansien? Wat van die merkwaardige verandering in weerpatrone – wat die toenemende ernstige *oesverliese* en die verskyning van voedselrantsoenering insluit? Wat van die toenemende **droogte** in Amerika se Midde- en Suidweste wat so erg geword het dat die regering gedwing is om gedeeltes van die Mississippi-rivier met dinamiet toe te skiet, omdat die watervlak so laag gedaal het dat die massiewe vragkepe, wat miljoene ton graan en ander voedselprodukte vervoer, dikwels nie in staat is om in hierdie belangrike waterweg te vaar nie? Wat van die toenemende druk op mediese fasiliteite – veral met die bedreiging van geprofeteerde **siekte-epidemies** wat op die horison is? Wat van die rekord aantal **massiewe aardbewings** wat al hoe nader aan Amerika se kuslyn beweeg?

**Kan u “die kolletjies met mekaar verbind?”**

Die sekulêre nuusontleders beskou al hierdie groeiende bedreigings as toevallige, losstaande gebeure met geen *oorhoofse verband* nie. Diegene van u wat waarlik die *Bybel glo* behoort egter die ware betekenis van **al** hierdie gebeure te besef. *U* behoort “die kolletjies te verbind”.

*U* behoort te besef dat namate regters en wetgewers wat die Bybel verwerp en selfs die afskuwelike praktyk van “mans wat met mans trou” wettig, iets **verskrikliks** laat gebeur met die Amerikaanse volk. 'n Voorheen Bybel-gelowige nasie behoort tog van *beter te weet*.

Hoeveel mense besef dat die Amerikaanse en Britse afstammeling 'n spesiale verantwoordelikheid het? *Ons* is daardie mense – baie meer as enige van die ander nasies – wat *honderde miljoene* Bybels regoor die wêreld vertaal, gepubliseer en versprei het. *Ons* is dié mense vir wie die Skepper voorheen geseën het deur aan ons die rykste dele van die aarde te gee, deur ons te seën met “seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gewes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (Genesis 49:25-26).

**Ons is besig om die Bybel te verwerp**

Omdat ons besig is om weg te draai van die God van die Bybel, sal die Ewige God ons nasies

toenemend “**skud**” totdat ons daarvan sidder! Ons in Amerika – tesame met die volke van Britse afkoms – *is werklik* die afstammeling van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme van Israel”. Die God wat aan ons lewe en asem skenk, het *hierdie spesifieke gebeure* voorspel om oor ons te kom, *tensy ons ons bekeer*. In 'n ontsagwekkende profesie wat verwys na *ons tyd*, belowe die Almagtige God om ons volke in elke opsig te *seën indien* ons sou kies om “sorgvuldig ... **al** sy gebooe wat ek jou vandag beveel” te onderhou (Deuteronomium 28:1). Verder: “Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies *uitleen*, maar self nie hoef te *leen* nie. En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooe van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen” (verse 12-13). Die Amerikaanse en volke van Britse afkoms *het* hierdie ontsaglike seëninge *ontvang* as gevolg van ons vader Abraham se *gehoorsaamheid* aan God se gebooe, insettinge en wette (Genesis 26:3-5).

*Dink noukeurig.*

Hoe was die mense van Engeland – 'n relatief klein nasie wat op 'n eiland gewoon het – enigsins daartoe in staat om beheer te verkry oor groot nasies en kontinente regoor die wêreld? Daar was 'n tyd toe hulle

beheer uitgeoefen het oor die VSA, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en groot kolonies soos Indië, Burma en baie dele van Afrika en die Midde-Ooste. Het dit alles “net gebeur”? Of was dit omdat die Almagtige God ingegryp het *om Sy belofte* aan Abraham, Isak en Jakob *gestand te doen* deur hulle nageslag *te seën* met sulke groot mag, selfs teen die eindtyd? God het ons mos toegelaat om saam die Eerste Wêreldoorlog, die Tweede Wêreldoorlog, die eerste Golfoorlog en vele ander konflikte te wen.

Namate ons ons distansieer van God en Sy wette, het ons oorwinnings al hoe moeiliker geword, ons nasionale aansien in wêreldsake het al hoe minder geword en ons is nie meer die “kop en nie die stert”, soos dit eens was nie. Nou, eerder as om die wêreld se grootste “uitleen”-nasie te wees, het die Verenigde State die wêreld se grootste “lener” geword. Ons het God se waarskuwing vergeet: “Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen” (Spreek 22:7). Amerika sal, meer as wat u kan besef, binnekort die “kneg” van ander nasies wees – dit gaan *verskriklik* wees!

Namate ons toenemend God se insettinge **verag**, sal Hy “verskrikking” en “tering” oor ons beskik. Hy sal stadig maar seker “ons trotse mag *verbreek*” (Levitikus 26:16, 19-20). Dit is *nou* besig om voor ons oë te gebeur! Die Ewige God stel dit tog duidelik in een van Sy

insettinge wat die meeste van die moderne Amerikaners beslis **verag**: “Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel” (Levitikus 18:22). In die Nuwe Testament is die apostel Paulus ook geïnspireer om hierdie wet van God te bevestig en selfs uit te brei toe hy die sogenaamde “groot” filosowe beskryf het: “Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie, het God hulle oorgegeen aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie” (Romeine 1:26-28).

*Dink weer!*

Het ons sogenaamde “gevorderde” samelewing so gevorderd geraak dat – soos Paulus dit stel – ons “dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie”? *Presies!*

Wat lê dus vir *u* en al u geliefdes voor – **indien** ons ons nie werklik **bekeer** en die ware God – die God van die Bybel – begin **soek** nie? Nadat Hy die ongelooflike seëninge oor ons volke in Deuteronomium 28:1-14, beskryf, beskryf die grote God *presies* wat sal gebeur as



ons voortgaan om ons rug op ons Skepper te draai: “Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel. Vervloek sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Vervloek sal jy wees by jou ingang, en vervloek sal jy wees by jou uitgang” (Deuteronomium 28:15-19).

*Nou toe nou!*

Kan *hierdie* 'n geïnspireerde beskrywing wees van die toenemende slagting van jong mense in plekke soos Newtown, Connecticut? Kan *hierdie* 'n beskrywing wees van die massiewe *droogte* wat in die Amerikaanse Midde- en Suidweste heers? Kan dit 'n beskrywing wees van die komende *siekte-epidemies* – epidemies so ernstig dat hulle net eenvoudig ons mediese stelsel sal oorweldig? Kan dit alles lei tot die totale militêre en finansiële **ineenstorting** van Amerika, wanneer die Almagtige God teen ons “die *vervloeking*, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelig is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die *boosheid* van jou handeling, dat jy My verlaat het” sal stuur (vers 20).

Mag God ons help **om**

**wakker te word!**

Daar is egter *nog tyd* vir **miljoene** van ons mense om tot hulle sinne te kom en gewillig te wees om “die kolletjies te verbind” – om die God van die Bybel te **soek** en Hom te **gehoorsaam**. Sal *u* een van die wees wat gewillig is om dit te doen?

**U moet gewillig wees om te luister!**

Terwyl die nuus-kommentators en sogenaamde “ontleders” so baie van die gebeure rondom ons beskryf, misluk *hulle hopeloos* daarin om “die kolletjies met mekaar te verbind”. Met betrekking tot die skietery by skole, praat hulle daarvan om meer polisie by skole te hê. Hulle praat van die bewapening van onderwysers. Hulle praat daarvan om beter opleiding in burgerleer of menslike verhoudings aan te bied. Hulle laat hulself egter **nie** toe om die werklike **oorsaak** van die probleem aan te spreek nie! In ons moderne samelewing praat ons bykans altyd oor die **simptome** van die verskriklike dinge wat gebeur, maar ons is skynbaar verblind om die **oorspronklike oorsaak** daarvan te begryp.

Waarom? Die meeste mense **hou nie daarvan** om die oorsaak te hoor nie. Die waarheid druis in teen hulle moderne “progressiewe” ideologie. Dit behels 'n gewilligheid om die God van die Bybel te **gehoorsaam** op 'n manier wat selfs *baie min* godsdienstige leiers bereid is om te erken of te doen! *Waarom*

is so baie mense so verblind? “[O]mdat wat die vlees bedink, **vyandskap** teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die **wet** van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7).

Daar is duidelik 'n groeiende *antagonisme* in die gedagtes en harte van miljoene “moderne” individue – wat, te verstane, teleurgesteld of ontnugter is deur verskeie valse godsdienste en ideologieë – wat hulle dan gekant maak daarteen om selfs die moontlikheid te oorweeg dat 'n **ware** God bestaan en dat Hy die **gesag** het om aan ons te sê *wat om te doen!* Eenvoudig gestel, die meeste mense is nie bereid om in nederigheid te “luister” na hul Skepper *of na Sy geïnspireerde Woord*, die **Bybel**, nie.

Nogtans dui dieselfde profesieë wat ek so pas aangehaal het uit Levitikus 26 en Deuteronomium 28 – ook letterlik talle ander profesieë in u Bybel, beide in die Ou en die Nuwe Testament – duidelik aan dat mense **sal ly** omdat hulle nie gewillig is om hul Skepper te **gehoorsaam** nie! Dit klink amper te eenvoudig om waar te wees. My vriende, dit **is** absoluut waar – hierdie waarheid sal binnekort 'n invloed op *u lewe* hê, namate ons moderne samelewing al hoe verder wegdraai van God af.

Wanneer jong mense – eintlik mense van alle ouderdomme – nie geleer word om die Skepper God na behore te eerbiedig en die Tien Gebooie as 'n *lewenswyse* te **gehoorsaam** nie, dan sal hulle sedelike en

maatskaplike waardes **uiter-aard** geneig wees om met elke verbygaande dekade nog meer agteruit te gaan. Die huisgesin spat al hoe meer uitmekaar en gaan tot niet. Geweld en misdaad raak al hoe meer algemeen. Selfs mense se gewilligheid om saam te werk in gemeenskaplike belang neem baie af – *presies net* soos ons dit vandag in die Europese Parlement en in die Amerikaanse Kongres sien, waar dit lyk asof die politieke leiers heeltemal onbekwaam is om saam te werk om sinvolle oplossings te vind en ons mense tot vrede en voorspoed te lei.

Weereens, *waarom?* Omdat die oorgrote meerderheid van mense vandag **afgesny** is van God! Hulle het God **verban** uit hulle skole, van die openbare plein af – of u dit nou wil erken of nie – is selfs die ware God en Sy *geïnspireerde Woord* uit *dieselfde kerke* wat bely dat hulle “Christelik” is verban! Wat beteken dit om “Christelik” te wees? Christus Self leer ons: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, *maar van elke woord van God*” (Lukas 4:4). Nogtans wil baie mense nie erken dat toe Hy hierdie woorde gesê het, die “Nuwe Testament” nog nie eens bestaan het nie! Jesus het duidelik verklaar dat die “Ou Testament” ook God se woord is wat gehoorsaam moet word! Jesus Christus het gekom om Sy “gebooie groot en roemryk te maak” (Jesaja 42:21 NLV).

Die meeste belydende leraars van Jesus Christus het

egter Sy woorde op 'n merkwaardige wyse “verdraai” omdat hulle nie bereid is om te erken dat toe Jesus die wet “groot” gemaak het, Hy nie “weggedoen” het daarmee nie! Wanneer 'n mens 'n ding “vergroot”, sien 'n mens dit net groter en duideliker – soos om deur 'n vergrootglas na 'n sneeuvlokkie te kyk en al sy veelsydigheid en skoonheid te sien. Nogtans verkondig leraars vandag dikwels dat Jesus, of later die apostel Paulus – of enige iemand – “weggedoen” het met God se wet! Dit blyk asof hulle **verwoed** in hulle begeerte is om op die een of ander manier vorendag te kom met 'n God wat *geen gehoorsaamheid aan Sy wet vereis nie!* Tog het die Jesus Christus van die Bybel – op *baie verskillende* maniere – herhaaldelik aan Sy volgelinge gesê: “... as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die **gebooie**”. Daarna het Hy sommige van die Tien Gebooie begin opnoem (Mattheüs 19:17-19).

Nadat Jesus die gebooie in die Bergpredikasie “vergroot” het, het Hy gesê: “Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheüs 5:19). Na watter gebooie het Hy verwys? Nadat Hy die Tien Gebooie vergroot het, het Jesus gesê: “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek

sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Mattheüs 5:27-28). Jesus het duidelik oor een van die Tien Gebooie gepraat – die een teen die pleeg van egbreuk. Het Hy dus “weggedoen” met daardie gebod? *Natuurlik nie!* Hy het dit dan *selfs meer bindend* gemaak deur te sê dat as 'n man selfs net “na 'n vrou kyk om haar te begeer”, hy **reeds** in sy hart met haar egbreuk gepleeg het! Hoe duidelik!

Vandag se “geleerde” teoloë impliseer voortdurend dat die apostel Paulus op die een of ander manier “weggedoen het” met God se wet. Paulus het egter *glad nie so iets* gedoen nie! Intendeel, hy het eerder geskryf: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God” is wat saak maak (1 Korinthiërs 7:19).

### Die onderhouding van die Tien Gebooie bring seëninge!

Ja, “onderhouding van God se gebooie” is wat **regtig** saak maak – vir individue en vir die gemeenskap in geheel. *Indien ons* ons werklik sou **bekeer** en bereid is om die God van die Bybel in ons kerke, skole en in ons hele samelewing toe te laat, sal ons ons kinders van heel kleins af 'n hele *lewenswyse* leer wat gebaseer is op die Tien Gebooie – wat beskryf *hoe* om God lief te hê en *hoe* om ons naaste lief te hê.

Indien ons ons Skepper se wette onderhou, sal die

voorsiening van polisieledes by skole, die opsluit van honderde duisende mense in tronke en alle ander onnodige dinge wat **miljarde** van ons belasting-rande gebruik, oorbodig wees. U eie Bybel verklaar heel duidelik, van die begin tot die einde, dat daardie volke en gemeenskappe wat gewillig is om **gehoorsaam** te wees aan God se Tien Gebooie, **geseënd** sal wees. Nadat hy die gebooie oorowerspel en moord (Jakobus 2:11) verduidelik het, gaan die apostel Jakobus voort om Christene te leer: “Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die **wet van vryheid** geoordeel sal word” (vers 12). Ja, indien die Tien Gebooie onderhou word, sal ons inderdaad “bevry” word van misdaad, geweld, verkragting, mishandeling van vroue en kinders, oorlog, knoeiery en gierigheid – dus sal die enorme bedrae om misdadigers in tronke te hou nie spandeer word nie!

God het deur die geïnspireerde Skrif openbaar dat, *wanneer die hele wêreld* met Christus se wederkoms, die Tien Gebooie begin onderhou, vrede en *seëninge* die aarde sal oordek. Die profeet Miga beskryf hierdie toekomstige tyd as volg: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van

die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en *hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie*. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaars het dit gespreek” (Miga 4:1-4).

Let op dat vrede die gevolg sal wees van die **wet** wat uitgaan uit Sion en dat **elkeen** wat deur hierdie profesie geraak word: “... onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom” sal sit. Voorspoed en individuele vryheid en vrede in die gemoed sal sekerlik die algemene lewenswyse wees – alles gebaseer op God se geestelike wet wat aan ons sê *hoe* om God lief te hê en *hoe* om ons naaste lief te hê.

Terwyl hierdie komende tyd van Christus se heerskappy beskryf word – 'n tyd waar regeer sal word deur gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie – beskryf God die seëninge wat mense sal ontvang wanneer hulle verlos sal word uit ballingskap: “In plaas van julle skande ontvang julle 'n dubbele deel; en in plaas van die smaad sal hulle jubel oor hul deel. Daarom sal hulle in hul land 'n **dubbele deel in besit neem, ewige vreugde geniet**” (Jesaja 61:7). Ja, God wil hê dat

alle mense “ewige vreugde” moet geniet – maar ons moet gewillig wees om die **weg** na daardie vreugde aan te leer. Daardie weg is **nie** volgens “menslike redenering” en menslike ydelheid nie, maar is eerder gebaseer op 'n gewilligheid om die lewensweg wat duidelik deur ons Skepper in Sy geïnspireerde Woord uiteengesit word, te **gehoorsaam**.

Weereens, die meeste hedendaagse mense **hou nie** daarvan nie. Hulle is “verblind” deur die onsigbare mag van Satan die duiwel wat – soos u Bybel duidelik en herhaaldelik sê – “*die hele wêreld verlei [mislei]*” (Openbaring 12:9). Derduisende van u wat hierdie artikel lees, mag egter gewillig wees om **nie** mislei te word nie. Mag God ons help om opreg te “luister” en die God van die Bybel te *soek* en bereid te wees om te *doen wat Hy sê*. Dit, my vriende, is die uiteindelijke **werklikheid!**

**Wees gewillig om te handel volgens die waarheid!**

Indien u graag God se geïnspireerde Wet – die wet van liefde – in meer besonderhede wil verstaan, ook *hoe* dit onderhou behoort te word – vra verseker u eie heeltemal *gratis kopie* van ons kragtige en insiggewende boekie, *Die Tien Gebooie*, aan. Skryf net aan die Streekskantoor die naaste aan u, gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif. U kan ook die boekie **a a n l y n b e s t e l** by [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za). Indien u verder bereid is om u oë oop te maak

**Vervolg op bladsy 19**

# Seks: Is dit sonde?

Deur Richard F. Ames

Ons moderne kultuur is deurdrenk met seks. Sommige mense beskou dit as “verbode vrugte”, terwyl ander weer probeer om dit in al sy vorms te ondervind. Wat beteken dit egter vir 'n Christen? Watter rol behoort dit in u lewe te speel?

Daar was 'n tyd – selfs in sommige van u wat hierdie artikel lees se leeftyd – toe dit as 'n skande beskou was wanneer seksuele onsedelikheid as gewilde vermaak ligtelik opgeneem is. Filmmakers het die “*Hays Code*” nagekom en televisie-netwerke het van hulle departemente verantwoordelik vir “uitsending-standaarde” ver wag om seker te maak dat hulle programme geskik was vir die hele gesin. Seksuele aktiwiteite – indien dit enigsins bespreek was – is uitgebeeld as iets wat bedoel is om in privaatheid deur 'n man en sy vrou gedeel te word.

Vandag word seksuele perversiteit egter algemeen – selfs gereeld – in rolprente en op televisie vertoon. Talle studies het getoon dat pornografie die gewildste kykstof is wat op die Internet beskikbaar is. In die media, net soos in so baie persoonlike verhoudings, word toenemende huweliksontrou as 'n grap beskou en seksuele losbandigheid word as normaal aanvaar. Die feit dat sommige seksuele bedrywighede inherent immoreel is – hoewel sommige mense dit op die kort termyn

genotvol mag vind – word deesdae deur miljoene mense as verouderd afgemaak.

Selfs die antieke instelling van die huwelik word in ons moderne samelewing aangeval. Ou standarde verkrummel namate miljoene mense in “oop” huwelike leef – terwyl ander daarna streef om die betekenis van die huwelik te herdefinieer. “Gay huwelike” – wat selfs 20 of 30 jaar gelede ondenkbaar was – word al hoe meer aanvaar. Die *Gallup Poll* berig in Mei 2011 dat 53% kiesers dieselfde-geslag huwelike ondersteun het – 'n skokkende toename sedert 1996, toe net 27% ten gunste was van sodanige verbintenisse (*For First Time, Majority of Americans Favor Legal Gay Marriage*, 20 Mei 2011).

Waar pas seks dan in al hierdie veranderinge in? Behoort getroude pare seks te hanteer as iets skandelijks? Is om ongetroud te bly, 'n hoër ideaal vir ware Christene? Is dit “sonde” vir twee volwassenes wat beide daartoe instem om fisieke intimiteit te deel? Is daar objektiewe standarde vir sondigheid wat vandag nog steeds geld? Wie is bevoeg om sondige gedrag en gesindhede te bepaal? Is daar nog enige sin daarin om in ons moderne tyd na te volg wat die Bybel ons leer? Indien wel, wat gebeur met diegene wat die Bybel se standarde verontagsaam?

Ons sien uit die geskiedenis

dat wanneer mans en vroue egbreuk pleeg en ontrou is in hulle huwelike, die gesin as eenheid daaronder ly. Terwyl die Romeinse Ryk op sy hoogtepunt was het hulle sterk gesinsbande beklemtoon, maar hierdie klem het later verander en die Ryk het agteruitgegaan. Geleerdes het die agteruitgang in karakter en sedelikheid, wat bygedra het tot die Ryk se ondergang, gedokumenteer. Die historikus E. B. Castle skryf dat, benewens die probleem van sakemanne se afwesigheid van hulle gesinne, daar 'n ander probleem was wat bygedra het tot die agteruitgang. Dit was “die volgehoue onverskillige houding teenoor die huweliksband, die toename van egskeidings en die groeiende vryheid en onverskilligheid in vroue se sedes, wat bygedra het tot 'n verslapping van die vroeëre gesinseenheid. Die Romeinse karakter was egter op sy beste toe die gesinseenheid sterk was” (*Ancient Education and Today*, bl. 119).

Sal ons moderne beskawing dieselfde patroon volg van Rome se agteruitgang? Die Romeinse filosoof Seneca, het in die eerste eeu n.C. geskryf dat hy opgemerk het dat “sommige adellike dames hulle lewensjare nie bereken het volgens die aantal konsuls nie, maar volgens die aantal mans met wie hulle getrou het. Wanneer hulle hul huise verlaat het om met ander mans te trou, het hulle slegs getrou om



weer te skei. Egskeiding is net gevrees solank as wat dit ongewoon was. Noudat dit feitlik in elke koerant verskyn, begin vroue dit doen waarvan hulle so baie lees. Kan enige iemand nog skaam kry oor owerspel, Noudat morele waardes so laag gedaal het dat 'n vrou net met haar man getroud bly, om haar minnaar te krenk? Kuisheid impliseer slegs onaantreklikheid" (*On Benefits*, Boek III, xvi).

Mans word ook verlei deur die valse beloftes van owerspel. Met toenemende toegang tot voorbehoedmiddels en die maklike beskikbaarheid van aborsie, het seksuele aktiwiteit in die afgelope paar dekades toegeneem. Mans sowel as vroue het begin glo dat hulle die gevolge van daardie aktiwiteite kan vryspring. Selfs die massamedia dra by tot 'n kultuur van onsedelikheid. Dit het baie verwoeste lewens tot gevolg. Miljoene mense neem nie die eenvoudige Bybelse vermaning ernstig op nie: "Jy mag nie egbreek nie" (Eksodus 20:14). Indien almal hierdie gebod – die sewende van die Tien Gebooie – onderhou het, sou almal se lewens baie gelukkiger en die samelewing baie meer stabiel gewees het.

Net soos God die Skepper is van die fisiese wette wat materie beheer, is Hy ook die Wetgewer wie se geestelike wette ons lewens reël. Hy bepaal wat sonde is (1 Johannes 3:4). Ons sal dink dat iemand wat probeer om die wet van swaartekrag te "ontken" en sy lewe waag deur vanaf 'n hoë hoogte af te spring

belaglik is en hom spot. Hoeveel mense in ons samelewing probeer die gevolge ontken wanneer hulle God se geestelike wette oortree?

Ons moderne Westerse wêreld verwerp al hoe meer die Tien Gebooie en gaan voort op sy afwaartse neiging na immoraliteit. Presies hoe erg is dit? Die Barna Navorsingsgroep het tien sedelike gedragpatrone onder Amerikaners ondersoek en het hierdie ontstellende verslag gepubliseer: "Van die tien sedelike gedragpatrone wat geëvalueer is, het die meeste Amerikaners geglo dat die volgende drie aktiwiteite 'moreel aanvaarbaar' is: Dobbel (61%), saamwoon (60%) en seksuele fantasieë (59%). Vir byna die helfte van die volwasse bevolking was twee ander gedragpatrone ook moreel aanvaarbaar: Om 'n aborsie te hê (45%) en om 'n seksuele verhouding te hê met iemand van die teenoorgestelde geslag, anders as hulle eie eggenoot (42%). Ongeveer een derde van die bevolking (38%) het pornografie goedgekeur, vloek (36%), dronkenskap (35%) en homoseksuele seks (30%). Die aktiwiteit wat die minste steun gehad het, was die gebruik van dwelms wat nie voorgeskryf is nie (17%)". (*Morality Continues to Decay* 3 November 2003).

Wat sal gebeur met 'n samelewing wat sulke onsedelike waardes huldig? Van die begin tot einde openbaar die Bybel dat gehoorsaamheid aan God se wette seëninge mee-

bring, maar ongehoorsaamheid vervloeking en straf. Dit is nie net 'n opvatting van die "Ou Testament" nie. Let wel: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (Galasiërs 6:7-8).

Ja, daar is oorsaak en gevolg in die lewe. Wanneer ons doen wat reg is het dit goeie gevolge, maar wanneer ons doen wat verkeerd is, bring ons sonde pynlike gevolge mee. Selfs wanneer die sonde vir 'n tyd lank lekker blyk te wees, sal die nagevolge verwoestend wees.

Alles in ag genome, is dit die beste om selibaat te bly? Sommige belydende Christene is van mening dat dit op die een of ander manier heiliger is om ongetroud te bly. Die apostel Paulus het egter nie met hierdie idee saamgestem nie, maar verduidelik: "... dit is beter om te trou as om van begeerte te brand" (1 Korinthiërs 7:9). Ons het die skandale gesien rondom duisende mense wat – onder die vaandel van hulle godsdienste – voorgegee het om ongetroud te bly – maar privaat die laakbaarste gedrag openbaar het. God heg geen waarde aan sulke skynheiligheid nie. Hy het die huwelik gegee as 'n goeie instelling waaraan Hy van die begin van die menslike bestaan af baie waarde geheg het. Dit was God wat aan Adam en Eva gesê het: "Wees vrugbaar en vermeerder" (Genesis 1:28).

### Seks binne die huwelik

Godelike seks binne die huwelik bind 'n man en sy vrou saam in liefde en intimiteit. Die verhouding tussen 'n man en sy vrou het ook 'n geestelike dimensie, soos die apostel Paulus verduidelik: “Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Efesiërs 5:25-27).

Ja, 'n man moet sy vrou liefhê soos Christus Sy Kerk liefhet! Paulus gaan voort: “So behoort die mans hul eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig” (verse 28-33).

God heg baie waarde aan die huwelik en gee Sy seën aan seksuele aktiwiteite binne die huwelik. “Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed

onbesmet” (Hebreërs 13:4). Hy beveel selfs die man en die vrou om mekaar seksueel te dien (1 Korinthiërs 7:1-5).

Die Bybel is duidelik daaroor: God het seks gemaak om deur 'n man en sy vrou binne die huwelik gedeel te word. Enige ander seksuele verhouding is sonde. Kyk na die laaste deel van Hebreërs 13:4: “... want God sal hoereerders en egbrekers oordeel”. Ja, God is die regter! Seksueel-onsedelike individue behoort hulle te bekeer van hulle sondige “lewenstyl”! Verder beskryf die Bybel ook spesifieke seksuele daade wat verbied word, met inbegrip van vorms van seksuele perversiteit (sien Levitikus 18).

Net een hoofstuk verder, nadat hierdie verbode daade beskryf word, openbaar God die tweede groot gebod: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Levitikus 19:18). Jesus het hierdie gedeelte uit Levitikus in Mattheüs 22:39 aangehaal. Die eerste vier van die Tien Gebooie wys aan ons hoe om God lief te hê en die laaste ses wys aan ons hoe om ons naaste lief te hê. Jesus het gesê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie” (Mattheüs 19:17). Is u gewillig om God te gehoorsaam en die gebooie te onderhou?

Sommige state en nasies tree op asof hulle beter weet as God! Ondersteuning vir dieselfde-geslag verbintenisse is besig om al hoe meer algemener te word. Neem in ag dat in Amerika, hoewel baie state se grondwette wat so geformuleer is dat dit die

huwelik definieer as tussen een man en een vrou, daar ten minste nege state is wat dieselfde-geslag huwelike gewettig het. Regoor die wêreld word dieselfde-geslag huwelike wetlik erken in Argentinië, België, Kanada, Denemarke, Ysland, Noorweë, Portugal, Suid-Afrika, Spanje en Swede. Die Midde-Oosterse staat van Israel erken dieselfde-geslag huwelike wat elders voltrek is, asook verskeie state in Brasilië en Mexiko. Wat 'n verwarring!

In die eerste eeu n.C. was die stad Korinthe in Griekeland, 'n wêreldwye handelsentrum – ook 'n heidense sentrum vol afgodery en seksuele onsedelikheid. Nietemin het baie Korinthiërs hulle bekeer van hulle sondige lewenstyl en Christene geword. Die apostel Paulus het hulle egter teen die versoekings gewaarsku: “Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korinthiërs 6:9-10).

Beoefen u enige van daardie gedrag? God sê dat niemand wat dit doen, die koninkryk van God sal beërwe nie! Sommige van die Korinthiërs het hulle van daardie sondes bekeer – hulle is vergewe. Die apostel Paulus gaan voort: “En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die

Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God" (vers 11).

### Misleidende leierskap

In vandag se samelewing word baie mense mislei deur diegene wat voorgee om godsdienstige leiers te wees deur aan mense te sê dat hulle nie sondig nie, terwyl hulle in werklikheid die geboie van God oortree. Die profeet Jeremia betreur hierdie valse leierskap en voorspel ernstige gevolge: "Sou Ek hieroor geen besoeking doen nie? spreek die HERE. Of sou my siel hom nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie? 'n Ontsettende en afskuwelike ding het in die land gebeur: die profete profeteer vals, en aan hulle sy oefen die priesters mag uit, en my volk wil dit graag so hê. Maar wat sal julle doen aan die einde daarvan?" (Jeremia 5:29-31).

Mense kon mislei word maar hulle "wil dit graag so hê". Volgens die *Barna Navorsingsgroep*, keur baie mense wat

hulself "Christene" noem, gedrag wat deur die Bybel as onsedelik beskou word, goed. Dit sluit in saamwoon (omskryf as om saam te woon met iemand van die teenoorgestelde geslag, sonder om getroud te wees). Barna berig: "Die grootste verskille tussen Protestante en Katolieke was geleë in hulle sienswyses van saamwoon (dit word deur 50% Protestante en 66% Katolieke), as sedelik aanvaarbaar beskou, seksuele fantasieë (51% en 63% onderskeidelik) en dobbel (52% en 70%, onderskeidelik)" (*Morality Continues to Decay*, 3 November 2003).

Sommige mense vermy fisiese egbreuk en dink dan dat hulle sonde kan vermy deur hulle owerspelige fantasieë in hul gedagtes te hou. Tog het Jesus Self geopenbaar dat dit moontlik is om sonde te pleeg in die gees, selfs sonder onwettige fisiese gedrag. "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk

gepleeg het" (Mattheüs 5:28).

Ons Verlosser het gewaarsku: "Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal" (Mattheüs 15:18-19).

Hoeveel sondige seksuele fantasieë is in u gedagtes? Heelwat, indien u televisie kyk! 'n Televisie-program, *The New Normal* – 'n titel wat skynbaar nie bedoel is om ironies te wees nie – wat sy debuut in 2012 gemaak het, is 'n bejammeringswaardige voorbeeld van waarheen ons media klaarblyklik op pad is. Let op na die beskrywing van die program se promosie deur die NBC, die netwerk wat dit gebeeldsend het: "Deesdae kom gesinne in alle vorms voor – enkel pa's, dubbel mammas, sperm-skenkers, eier-skenkers, *one night stand*-skenkers ... Dit is 2012 en enigiets is nou aanvaarbaar".

Hoe beïnvloed hierdie ten-

---

## Bou 'n VREUGDEVOLLE huwelik

*Daar is werklik "sleutels" en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot 'n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.*

*Sukses in 'n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

dense jong mense? Een verslag stel dit so: “Kyk 'n mens na die top 20 programme vir tienerkykers, bevat meer as agt uit tien (83%) seksuele inhoud, waarvan byna die helfte (49%) seksuele gedrag bevat en in een uit vyf (20%) is daar seksuele omgang. Die gewildste tienervertonings bevat gemiddeld 6,7 tonele met seksuele inhoud per minuut” (*Sex on TV 3: a Biennial Report of the Kaiser Family Foundation*, 2003). Die verslag gaan voort: “As jy aan tieners vra watter rol seks op die TV in hulle eie lewens speel, sê byna drie uit vier dit beïnvloed die seksuele gedrag van kinders van hulle ouderdom en een uit vier erken dat dit hul eie gedrag beïnvloed” (*ibid.*).

Ja, die massamedia beïnvloed wel ons gesindhede en gedrag. Ons moet waak teen die versoekings wat ons tot sonde aanspoor. Pornografie is 'n florerende besigheid regoor die wêreld en gee baie aanleiding tot seksuele misdade, met inbegrip van seksuele misbruik van kinders. In 'n Kanadese studie wat gedoen is oor veroordeelde kindermolesteer-

ders, het 77% van dié wat seuns gemolesteer het en 87% van dié wat meisies gemolesteer het, gesê hulle is gereelde kykers van eksplisiete [*hard-core*] pornografie (*Report on the Use of Pornography by Sexual Offenders*, 'n Verslag aan die Federale Departement van Justisie, Ottawa, Kanada).

Alhoewel ons wêreld se media vol seksuele voorstellings, boodskappe en versoekings is, moet 'n Christen nie swig voor hierdie invloede nie. Let op die Skotse roman-skryfster Margaret Oliphant se beroemde opmerking: “In die algemeen kom versoekings wanneer hulle gesoek word”. Ons moet onself distansieer van die kwaad en naby God bly. Jesus leer ons om tot ons Vader in die hemel te bid: “En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose” (Mattheüs 6:13).

Indien u u verlustig in pornografie – of enige ander seksuele euwel – behoort u u daarvan te bekeer! U behoort op te hou om te sondig! U behoort daadwerklik iets te doen om die maklike toegang wat u tot

seksuele versoekings het te verhoed! Die apostel Paulus gee hierdie ernstige opdrag: “Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam” (1 Korinthiërs 6:18). Sommige mense glo dat seksuele sonde 'n “misdad sonder slagoffers” is. God sê egter dat seksuele sonde 'n sonde teen u eie liggaam is!

Paulus gaan voort: “Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort” (verse 19-20).

Is u bereid om u daartoe te verbind, indien u dit nie gedoen het nie, om God te verheerlik in u liggaam en in u gees? God se manier van lewe deur Christus, is 'n oorfloedige lewe, soos Jesus sê in Johannes 10:10. U kan daardie lewe van ware geluk smaak, as u die ontsaglike en wonderbaarlike geestelike wette van God nakom! **WvM**

## **Wat is 'n ware Christen?**

*Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulself “Christelik” noem! Tog het hulle almal basiese verskille.*

*Sal Jesus die organisasies herken wat Sy naam vandag gebruik? Hoe kan u vir seker weet wat 'n ware Christen is?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!



# Môre se Jeug

## “Dit was net 'n grap!”

Deur Phil Sena

Vroeg in die oggend van 4 Desember 2012, het 'n foon in die hospitaalsaal van Londen se King Edward VII-hospitaal gelui, waar Jacintha Saldanha gewerk het. Saldanha, 'n 46-jarige verpleegster en ma van twee, het geantwoord omdat geen ontvangsdame aan diens was nie.

Tot Saldanha se verbasing het die inbeller gesê sy is Koningin Elizabeth II van Engeland en gevra om met Catherine, Hertogin van Cambridge, te praat. Catherine was in die hospitaal weens 'n swangerskapverwante ongesteldheid. Die oorblufte verpleegster het die oproep deurgeskakel na die privaat verpleegster wat aan diens was, wat toe die inbeller op hoogte gebring het van die Hertogin se toestand.

Daar is later vasgestel dat die oproep 'n gekskeerdery was, wat gepleeg is deur twee Australiese radio-persoonlikhede, Mel Greig en Michael Christian. Hulle het hul voorgedoen as die koningin en haar seun, prins Charles. Nadat 'n opname van die gesprek uitgesaai is, het 'n amptenaar van die hospitaal gesê: “Die oproep was 'n dwase grap wat ons almal betreur. Vertroulikheid van ons pasiënte is vir ons baie belangrik en ons hersien ons telefoon-protokol nou deeglik”. Die radiostasie het 'n verskoning

uitgereik “... vir enige ongerief wat die navraag kon meebring. Die radio-segment is egter met lighartige bedoelings aangebied” (*Radio DJs pretend to be queen, make prank call to Catherine's hospital, CNN.com, 7 Desember 2012*).

Die voorval kon daar geëindig het, soos so baie ander “segmente met lighartige bedoelings” deur radio-persoonlikhede regoor die wêreld. Ongelukkig is verpleegster Saldanha, drie dae ná die DJ's se oproep dood aangetref na selfmoord. Wat begin het as 'n bietjie “pret” het in 'n tragedie ontaard en 'n gesin het 'n eggenoot en moeder verloor.

### “Ons is verskriklik jammer”

Een les wat ons kan leer uit die Australiese DJ's se poets wat skeefgeloop het, is dat ons onverskillige of onbesonne pogings om grappe te maak, ernstige nagevolge kan hê. Die Skrif sê aan ons: “Soos 'n mal mens wat dodelike pyle rondskiet, so is iemand wat 'n ander bedrieg en sê: Ek speel sommer” (Spreuke 26:18-19 NV). Niemand het natuurlik die tragiese gevolge van wat baie mense as 'n skadelose grap sou beskou, verwag nie, maar die skade was ernstig en permanent. “Die bedoeling was nooit dat dit so ver sou gaan nie. Dit moes net 'n simpel grap gewees het, soos wat soveel mense

voorheen al gemaak het”, het Greig gesê. Christian het bygevoeg: “Vir die rol wat ons daarin gespeel het, is ons verskriklik jammer” (*ibid.*).

Hierdie tragiese voorval herinner ons weereens aan die publiek se dors na uiterste humor as “vermaak”. Baie mense sal seker die TV-reeks *Candid Camera* onthou, waartydens daar poetse gebak is op niksvermoedende “gemiddelde Amerikaners”. Meer onlangs het gehore gaande geraak oor die meer bitsige reeks *Punk'd*, op MTV, waarin 'n versteekte kamera gefokus het op beroemdes. Inderdaad is vermaak wat probeer om humor te skep ten koste van 'n ander persoon, lankal reeds gewild. In die mededingende “*shock jock*”-genre wat mense wil skok en wat ontwikkel is deur aanbieders soos Howard Stern, probeer radio-persoonlikhede mekaar voortdurend oortref met meer verregaande snaaksighede wat 'n kultuur van lag-ten-alle-koste aanwakker.

Maak dit saak dat so baie van ons populêre vermaak humor bevat wat daarop gemik is om iemand anders belaglik te laat lyk? Baie mense het geen probleem daarmee om in hulle grappies ander mense te terg nie. Dink hulle egter ooit 'n bietjie na en vra hulleself af hoe hulle

sou voel as die bordjies verhang is en hulle aan die ontvangkant was? Wanneer hulle die verleentheid moes verduur en die slagoffer sou wees? Die Amerikaanse komediant Will Rogers het opgemerk: “Alles is snaaks, solank dit net met iemand anders gebeur”. Miskien sou minder mense seergemaak word as die poetsbakkers net eers deeglik sou besin oor die ander persoon se reaksies.

### 'n Persoonlike les

Ek onthou toe ek as 'n tiener, ondervind het hoe my eie humor in my gesig ontplof het. 'n Vriend wat pasgetroud was, het eendag alleen by die kerk opgedaag en ek het hom ewe skertsend gevra of sy vrou hom dan verlaat het. Hy het bedruk geantwoord dat sy vrou hom wel verlaat het, waarna ek gevoel het asof ek in die maag geskop is.

My vriend se reaksie het my laat beseef dat ek 'n onverskillige houding ontwikkel het jeens humor en baie dinge wat ek as snaaks beskou het, was ten koste van ander mense. My tienerjare was beïnvloed deur die ligsinnige komedie van opnames van *Cheech & Chong*, saam met ander TV-programme soos *Saturday Night Live* – waarin die primêre slaankrag daarvan die algemene gebrek aan respek vir een en almal is. Ek kon die pyn in my vriend se oë sien as gevolg van my wrede poging tot humor, toe het ek beseef dat daar 'n duur prys te betaal is vir hierdie tipe ligsinnigheid; opregte mense kan daardeur seergemaak word.

Terwyl die gevolge nie so ernstig was soos in die Australiese DJ's se poets nie, was my bedoeling in wese dieselfde as hulle s'n – om 'n lag-ten-alle-koste uit te lok.

Ons kan ons self soms beskerm teen die werklikheid van die pyn wat ons humor veroorsaak het, wanneer hulle wat seergemaak is, 'n paar grade verwyder is van ons ongevoelige en kwetsende wreedheid. Dit is egter altyd wys om te onthou dat ons onverskillige en ondeurdagte pogings om snaaks te wees die potensiaal het om terug te slaan, met verwoestende gevolge.

### Goeie advies

Betekén dit dat ons humorlose mense behoort te wees, ten einde die moontlikheid van enige skade te vermy? Natuurlik nie! Koning Salomo van die antieke Israel het geskryf: “Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd ... 'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag” (Prediker 3:1, 4). Die sleutelgedagte is om te weet wat om te sê onder die regte omstandighede, soos Salomo elders opmerk: “Goue appels op versierde silwerborde, so is 'n woord op sy tyd gespreek” (Spreek 25:11).

Humor dra by tot die genot van die lewe en kan selfs help om swaarkry draagliker te maak. Wanneer humor goed gebruik word is dit 'n aangename deel van 'n goed-afgeronde persoonlikheid. Wat is dan die verskil tussen 'n aanvaarbare sin vir humor en een wat die potensiaal het om seer te maak?

Die Bybel bied belangrike beginsels om hierdie vraag te beantwoord.

Jesus se opdrag: “En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen” (Lukas 6:31), is die beste plek om te begin. “Hoe sal ander my humor ervaar?” is 'n vraag wat vooraf oorweeg behoort te word en nie agterna nie. Vra jouself af: “Sal ek iemand verkleineer of in die verleentheid bring met wat ek wil sê of doen net om ander te laat lag?” Indien jy nie daarvan sou hou as iemand anders jou die slagoffer van sodanige humor sou maak nie, is dit 'n goeie teken dat jy nie behoort “voort te gaan” daarmee en die kans waag om 'n ander persoon seer te maak nie. Dit mag vir ons moeilik wees om hierdie beginsel te onthou wanneer ons vasgevang is in 'n gesellige gesprek. Daarom is dit belangrik om dit 'n fundamentele deel van ons lewensbeskouing – ons lewenswyse – te maak sodat, wanneer dit nodig is, hierdie gedagte natuurlik sal kom.

Dink ook daarvoor na of jou humor gemotiveer word deur liefde. Selfs gemoedelike gekskeerdery tussen vriende kan geskied in 'n konteks van goedheid en liefde. Kyk hoe die apostel Paulus liefde beskryf: “Die liefde is ... vriendelik [goedhartig] ... die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie” (1 Korintiërs 13:4-5). Is jou humor vriendelik [goedhartig], of is dit opgeblase? Is dit onbeskof en

**Vervolg op bladsy 26**

# Is u 'n Quartodesimaan? Behoort u een te wees?

Deur Dexter B. Wakefield

*Paashasies, paaseiers, Paasfees musse en Paasfees kerkdienste met sonop! Terug op gewilde aanvraag – van wie en wat behoort ons daaromtrent te doen?*

Lente [in die noordelike halfgrond] is die seisoen vir een van die Christendom se mees prominente feeste – Paasfees. Hierdie tradisionele vakansiedag staan bekend as die herdenking van die opstanding van Jesus en word as sodanig toegepas deur die meeste denominasies van die belydende Christendom.

Selfs jong kinders vra wat hase en eiers dan te doen het met Jesus en Sy opstanding. Ouers mag dalk nie weet wat om te antwoord nie, maar die geskiedenis van die Paasfeestradisies is baie bekend. Die viering van 'n lente-opstanding en 'n vrugbaarheidsfees dateer uit lank voor die Christendom en die simbole van die fees in die antieke mitologieë – met inbegrip van eiers en hasies – het bly bestaan in die moderne feesvieringe.

In die oorspronklike Christendom het getroue en toegewyde Christene gebly by die oorspronklike gebruik wat deur Jesus Christus ingestel en deur Sy dissipels onderhou is. Nadat ander mense probeer het om 'n "Paasfees-viering [Easter]" in te stel om die Christelike Pasga te vervang, is hierdie toegewyde Christene gebrandmerk as "Quartodesimane" en uiteindelik is 'n hele streek wat by die oorspronklike gebruik gehou het, "uit die kerk verban" deur die

leiers wat die Paasfees gevier het.

Waarom sou 'n omstredenheid uit die tweede eeu n.C. dan vandag nog vir ons saak maak? *Wat het tóé gebeur en waarom behoort ons nou daarvoor bekommerd te wees?*

Sedert hulle deur die Apostels, veral Paulus en Johannes geleer is om dit te doen, het die Asiatiese kerke die Christelike Pasga saans in die aand aan die begin van die veertiende dag van die eerste maand van die Hebreeuse kalender (14 Nisan) onderhou. Nadat die Roomse Kerk in die tweede eeu n.C. daarop aangedring het dat almal 'n Sondag-fees, genaamd Paasfees [Easter], in plaas van die Christelike Pasga moet vier, het 'n groot twis ontstaan tussen diegene wat "Quartodesimane" – "Veertienders" (die woord kom van die Latynse "vier en tien", *quartadecima*) – genoem is en die mense wat bereid was om te verander na die "Paasfees [Easter]" viering.

Begrip van die groot "Quartodesimaanse dispuut" van die tweede en derde eeue n.C., werp baie lig op die moderne tradisies wat verband hou met Paasfees – ook word 'n diepgaande oortuiging en gebruik van die Kerk van die eerste eeu verduidelik.

## Nie-Christelike gebruike

Die skrywer Ted Olsen herinner ons daaraan dat dit die sewende eeu n.C. se Engelse historikus Bede (die agbare) was wat beweer het *Easter*, [Paasfees] se naam kom van die Anglo-Saksiese godin Eostre, [ook gespél Eastre] wat verband hou met die lente en vrugbaarheid en wat gevier is ten tye van die lentedag-en-nag-ewening (*Why Easter?, christianitytoday.com*).

Wat van die paaseiers en hasies wat deel vorm van die Paasfees vieringe? Lente is die tyd wanneer die bome weer lewe kry, die weer warmer word en daar volop kos is vir die voëls om hul kleintjies te voer. Eiers was dus volop in die lente en verteenwoordig wedergeboorte en vrugbaarheid na die winter se onvrugbaarheid. Die antieke Zoroastriërs het meer as 2,500 jaar gelede eiers geveer vir die viering van die lente-dag-en-nag-ewening. Hase en konyne is baie vrugbaar en word in baie antieke kulture jare lank al geassosieer met vrugbaarheid en die terugkeer van die lewe in die lente. Die haas was die heilige dier van die Saksiese vrugbaarheidsgodin Oestre, wat baie nou verwant was aan die Germaanse godin Ostara. Moderne "neoheidene" het die aanbidding van hierdie godinne weer

ingestel en die antieke simbole van die eier en die haas by hulle lente-seremonies ingelyf.

Hoe het hierdie gebruike na die Nuwe Wêreld gekom? “Gedurende die agtiende eeu het Duitse setlaars 'Oschter Haws' [die Paashaas] na Amerika toe gebring, waar Pennsylvania se Hollandse setlaars vir hom neste in die tuin of skuur gemaak het. Die aand voor Paasfees [*Easter*] het die haas sy gekleurde eiers in die neste gelê as betaling” (*ibid.*). Klink dit bekend? Hierdie gebruik is tipies van die moderne paaseier soektog.

### Kan 'n mens heidense gebruike “heilig”?

Vroeg in die tweede eeu n.C. is die Jode ernstig vervolgd onder die heerskappy van die Romeinse Keiser Hadrian en die onderhouding van “Joodse” gebruike deur Christene, was gedurende daardie tyd bepaald ongewild. Baie van die nie-Joodse gelowiges wou hulleself distansieer van hierdie gebruike en wou Christelike betekenis toe wys aan die meer gewilde datums van hulle plaaslike kulture. Godsdienstige geskiedskrywers weet dat beide die naam en die tyd van Paasfees sy oorsprong in die heidendom het, maar teoloë redeneer al lank daarvoor dat dit moontlik is om die heidense gebruike te “heilig”. Volgens hierdie siening kan 'n kultuur sy voor-Christelike gedaante behou, maar die heidense simbole en mites kan 'n Christelike betekenis en doel kry. Die invloedryke Katolieke

leier kardinaal Newman skryf: “Ons word op verskillende maniere deur Eusebius [’n vroeë kerkhistorikus], vertel dat Konstantyn, ten einde die nuwe godsdiens by die heidene aan te beveel, die uiterlike ornamente waaraan hulle gewoond was, daarheen oorgedra het ... die gebruik van tempels en om dit op te dra aan spesifieke heiliges ... vakansiedae en seisoene ... om na die Ooste toe te draai op 'n later stadium die gebruik van afbeeldings ... dit is alles van heidense oorsprong en is geheilig deurdat die Kerk dit aanvaar het” (*An Essay on the Development of Christian Doctrine*, Hoofstuk 8:6).

Dit is dus welbekend onder sekulêre en godsdienstige historici dat die naam van 'n vakansiedag, baie van sy simbole en die tye waarop dit gevier word, van heidense gebruike afkomstig is. Wat bevraagteken kan word is die teorie van “heiliging van die heidene” wat gebruik is om baie gebruike in die Christendom te regverdig. Terwyl hierdie redenasie vir teoloë en tradisie-vaste persone aanloklik kan wees, veroordeel die Bybel dit.

God het gesê: “As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: *Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen.*

So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; *jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie*” (Deuteronomium 12:29-32). Dit is onwaarskynlik dat God van opinie verander het hieroor. Hy het ook gesê: “Want Ek, die HERE, het nie verander nie” (Maleagi 3:6), ook “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreeërs 13:8). God verwerp heidense gebruike en beveel ons om dit nie te inkorporeer wanneer ons Hom aanbid nie. Hy sê aan ons **watter** dae ons moet onderhou, **hoe** ons dit moet onderhou en **waarom** ons dit moet onderhou. Daar was geen opdrag deur Christus of deur die Apostels om 'n jaarlikse herdenking van Christus se opstanding te hou nie, maar hulle het 'n ander gebruik gemagtig.

### Is “Paasfees [*Easter*]” in die Bybel?

Word Paasfees in die Bybel genoem? In die *King James Version* van die Bybel, word die Griekse woord *Pascha*, in die oorspronklike teks vertaal as “*Easter*” [Paasfees] (Handelinge 12:4). Dit kom egter van 'n wanvertaling van die woord *Pascha*, wat **Pasga** [Engels: *Passover*] beteken. Hierdie fout is in die *New King James Version* en in die meeste



moderne vertalings reggestel wat die woord korrek vertaal as *Passover* [Pasga].

Histories gesproke het die oorspronklike Kerk van God in die eerste eeu – net soos vir eeue daarna – die Christelike Pasga op dieselfde dag en op dieselfde wyse onderhou as wat Jesus hulle geleer het die aand voor Sy kruisdood. Die Apostels het ook hierdie gebruik aan mense geleer. Wat baie denominasies vandag “Die Laaste Avondmaal” noem, was eintlik *die Pasga* – wat deur Jesus en Sy dissipels gehou was. Hou in gedagte dat 'n Bybelse dag teen sonder begin, wat die dissipels noem die aand voor Jesus se kruisiging, toe hulle vir Hom vra: “Waar wil U hê moet ons gaan klaarmaak, dat U *die pasga kan eet?*” (Markus 14:12). Toe Hy hierop reageer, het Hy aan hulle gesê om na 'n sekere man te gaan wat hulle sou ontmoet en hom te vra: “Waar is die kamer waar Ek met my dissipels *die pasga kan eet?*” (vers 14). Dit was dieselfde nag waarin Judas vir Jesus verraai het – Pasga, 14 Nisan. Die Bybel dui aan dat die aand van die volgende dag, die begin van die Heilige Dag, 15 Nisan was (Johannes 19:31; Levitikus 23:4-7), sodat ons kan weet dat Jesus dit op 14 Nisan onderhou het.

Jesus het self gesê dat hulle die pasga daardie aand geëet het. “En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om *hierdie*

*pasga met julle te eet* voordat Ek ly” (Lukas 22:14-15). Daardie nag, voordat Judas Hom verraai het, het Jesus die simbole van die Christelike Pasga, die brood en wyn, simbolies van Sy liggaam en bloed, ingestel. “En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes” (Mattheüs 26:26-28).

Die apostel Paulus beklemtoon die betekenis van die simbole van die Pasga en die Dae van Ongesuurde Brode. Hy gelas die Kerk in Korinthe: “Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – *want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus*” (1 Korinthiërs 5:7).

Die Lam van God het ons Pasga geword! Net soos antieke Israel deur die bloed van die eerste paaslam oorgeslaan is tydens die uittoeg uit Egipte (Eksodus 12:1-13), so word die sondes van vandag se bekeerde Christene – geestelike Israel – bedek, “*passed over*”, deur die gestorte bloed van die *Lam van God* (Johannes 1:29). Die Pasga is van groot belang vir Christene!

In 1 Korinthiërs 11:23-26 sê die apostel Paulus “wanneer, wat en waarom” die Christelike

(Quartodesimaanse) Pasga onderhou moet word. “Want **ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het**, dat die Here Jesus ... [wanneer ons veronderstel is om dit te doen] **in die nag waarin Hy verraai is** ... [wat ons veronderstel is om te doen] brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: **Neem, eet**; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word ... [waarom ons veronderstel is om dit te doen] **doen dit tot my gedagtenis**. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, **tot my gedagtenis**. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, **verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom**”. Paulus het in die eerste eeu die Kerk beveel om **Christus se dood te herdenk – nie Sy opstanding** nie. In die geskiedenis word die gelowiges wat hierdie opdrag getrou uitgevoer het, “Veertienders” genoem – Quartodesimane – omdat hulle dit gedoen het die aand van die begin van 14 Nisan, soos Christus en die Apostels hulle geleer het. As die brood en wyn op enige ander datum geneem word, *is dit nie die Pasga nie*.

### Die Quartodesimaanse dispuut

In die tweede eeu n.C het 'n omstredenheid binne die vroeë Christendom bestaan. Die Roomse .kerk onder Pous

Sixtus I het die viering van 'n vroeë vorm van Paasfees [*Easter*] op 'n Sondag ingestel. Dit was egter lank reeds die gebruik in die Midde-Oosterse (Asiatiese) kerke om die Christelike Pasga te onderhou soos Jesus en die Apostels hulle geleer het, op die 14de dag van Nisan, die eerste maand van die Joodse kalender (Levitikus 23:5). In die jaar 160 n.C. het Pous Anicetus daarop aangedring dat hulle die viering van Paasfees op 'n Sondag hou. Polycarpus, Biskop van Smirna (moderne Turkye) en 'n dissipel van die apostel Johannes, het sterk daarop aangedring dat die tradisie wat aan hulle geleer is deur die Apostels self, van krag behoort te wees. Die *Catholic Encyclopedia* berig: "Terwyl Anicetus die Pous was, het Sint Polycarpus, toe reeds 'n baie ou man, gekom om met hom oor die Pasga kwessie te praat (160-162), Polycarpus en ander in die Ooste het *hierdie fees op die veertiende van die maand Nisan herdenk*, ongeag op watter dag van die week dit geval het, terwyl dit in Rome altyd op 'n Sondag' gevier is (artikel: *Pope Sint Anicetus*). Polycarpus en Anicetus het uiteindelik ooreengekom om te verskil en het vreedsaam uitmekaar gegaan.

Die vrede het egter nie lank geduur nie. Pous Victor I (189-198 n.C.) "het 'n beroep gedoen op die biskoppe van die provinsie Asië om hulle gebruik te laat vaar en die universele gebruik van Rome, om altyd die Paasfees op 'n Sondag te vier, te

aanvaar. Indien hulle dit nie sou doen nie, het hy gesê sou hulle uitgesluit word uit die gemeenskap van die kerk" (*ibid*, artikel: *Pope Sint Victor I*).

Die vroeëre kerkhistorikus Eusebius het geskryf: "Die biskoppe van Asië het egter, gelei deur Polycrates, besluit om te hou by die ou gebruik wat aan hulle oorgelewer is. Hy het self in 'n brief wat hy aan Victor en die kerk van Rome gerig het, die tradisie soos aan hom oorgelewer is, as volg uiteengesit: '*Ons onderhou die presiese dag, sonder om by te voeg of weg te laat. In Asië het ook groot leiers aan die slaap geraak ... waaronder Filippus, een van die twaalf Apostels was ... ook Johannes wat 'n getuie en 'n onderwyser was en teen die boesem van die Here geleun het ... Hulle almal het die Pasga onderhou op die veertiende dag, volgens die Evangelie en in geen opsig afgewyk daarvan nie, maar het die voorskrif van die geloof gevolg*' ... Daarop het Victor, wat oor die kerk in Rome regeer het, onmiddellik probeer om *al die gemeentes van die hele Asië*, tesame met die kerke wat met hulle saamgestem het, af te sny van die gemeenskaplike eenheid en bestempel as heterodox [nie reg dink nie]. Hy het ook briewe geskryf waarin hy al die *broeders daar as heeltemal uitgesluit verklaar*" (*Life of Constantine*, hoofstuk XXIV.). Die gebruik het egter bly voortbestaan in die Asiatiese kerke en in die jaar 325 n.C., tydens die Raad van Nicea, is diegene wat getrou was aan die

Quartodesimaanse Pasga as *anatema* [vervloek] verklaar. Die Katolieke Pasch – Paasfees of *Easter* – is as die ortodokse gebruik in die Rooms-Katolieke Kerk ingestel.

### Waar staan hierdie dispuut vandag?

Daar is eintlik minder omstredenheid as wat u mag dink. Die historiese feite is goed gevestig deur geleerdes; die enigste omstredenheid is: *Wat behoort daaromtrent gedoen te word*. Byvoorbeeld, in *The Apostolic Age in Patristic Thought*, erken dr. Gerard A.M. Rouwhorst, professor aan die Skool van die Katolieke Teologie aan die Universiteit van Tilburg, die onderhouding van die vroeëre Quartodesimaanse Pasga. Voordat Paasfees ingestel is om dit te vervang, "het dit 'n sentrale rol gespeel in die lewe van die vroeëre Christelike gemeenskappe en het dit hulle godsdienstige oortuigings uiters goed uitgebeeld. Verder is dit, deur dit op die regte manier te onderhou, deur baie vroeëre Christene beskou as noodsaaklik *vir hulle identiteit* ... Daar word nou heel algemeen aanvaar dat die oudste vorm van die Christelike Pasga, dié is van die Quartodesimane. Hierdie groep sou egter uiteindelik 'n onbeduidende minderheid word. Aan die ander kant is die viering op 'n Vrydag, Saterdag en Sondag, wat *tot stand gekom het in die tweede eeu as gevolg van 'n liturgiese vernuwing*, uiteindelik deur die meerderheid Christene aanvaar en word dit **Vervolg op bladsy 26**

**Vervolg vanaf bladsy 7 – Is Amerika afgesny van God?**

om te erken *waarom* die mensdom so verward is en so ver “afgedwaal” het van die ware lewensweg, kan u ook 'n *gratis kopie* van ons baie insiggewende boekie, *Satan se Vervalste Christendom*, bestel.

Ten slotte, indien u dit nog nie gedoen het nie, vra asseblief ook u eie *gratis kopie* van 'n insiggewende boekie aan wat vir u in besonderhede sal uitspel *hoe* ons Westerse samelewing “so ver afgedwaal” het – *hoe* ons gekom het waar ons vandag is – wat *ware Christenskap* alles behels. Hierdie absoluut noodsaaklike boekie se titel is: *Hervestig die oorspronklike Christenskap*. Dit sal u oë oopmaak vir hoe die **ware** Christenskap van Christus en Sy apostels daar uitsien! Dit sal u ook help om die *lewenswyse* te verstaan wat die **hele wêreld**

binnekort sal handhaaf wanneer Jesus Christus terugkeer na hierdie aarde as die Koning van die konings (Openbaring 17:14).

Deur hierdie boekies te lees en te *bestudeer*, sal u tot dieper insig kom van die werklike **oorsaak** van ons moderne verdorwenheid, die **redes** vir die probleme wat toenemend om ons ontwikkel in ons regerings, ons opvoedkundige instellings, ons godsdienstige instellings en ons hele samelewing. U sal meer bewus raak van die opwindende *betekenis* van die profesieë in u Bybel, van presies *waarheen* ons op pad is – asook *wat* u moet doen om u en u geliefdes in die nabye toekoms te beskerm.

God het die apostel Jakobus geïnspireer om aan ons te sê: “En word **dadere** van die woord en nie net hoorders wat julleself

bedrieg nie” (Jakobus 1:22). Mag God *u* help om 'n “dader” van Sy geïnspireerde Woord te wees en om sodoende u verstand te open vir die ware *betekenis* van die lewe, die *betekenis* van al hierdie profetiese gebeure wat begin gestalte aanneem rondom ons en die *manier* waarop u God se doel kan verwesenlik en *deel* te kan hê in Jesus Christus se wêreldregering wat eersdaags sal aanbreek. “Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; *want as julle dit doen*, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” (2 Petrus 1:10-11). **WvM**

## **Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?**

*Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

**Vervolg vanaf bladsy 22 – Hoe oud is die aarde?**

opgelos moet word. Ons behoort egter nooit toe te laat dat die veranderende bevindings van die wetenskap – wat soms totaal met die volgende ontdekking verskil – veroorsaak dat ons

twyfel oor wat die onveranderlike God in Sy woord sê nie! Die bewyse wat ons uit die geskiedenis en die wetenskap kry wanneer dit reg verstaan word, sal altyd ooreenstem met

die woord van God. Soos Jesus Christus verklaar: “U woord is die waarheid” (Johannes 17:17)!

**WvM**

# Ja of nee?

Deur J. Davy Crockett III

Terwyl ons van die prokureur vir die verdediging se kantoor na die hof gestap het, waar ek moes getuig in 'n geskil oor 'n versekeringskontrak, het ek aan hom genoem dat ek nie sou sweer wanneer die getuies “ingesweer” word nie. Die prokureur het my verbaas aangekyk en gevra: “Gaan dit oor godsdiens?”

Ek het geantwoord: “Jesus sê: ‘Moet glad nie 'n eed aflê nie’” (Mattheüs 5:34 NV) en ek het verduidelik dat ek Hom op Sy woord neem. Ons twee het in stilte gestap en kort daarna het ons in die hofsaal gesit, terwyl die voorsittende regter met die verrigtinge begin het.

Na 'n paar skertsende opmerkings het die bejaarde regter sy klerk opdrag gegee om die eed te laat aflê deur diegene wat moes getuig. Die prokureur het probeer om namens my te praat, maar het net daarin geslaag om 'n paar woorde te stotter, klaarblyklik te verleë om my situasie te verduidelik.

Die regter het verward gelyk, maar ek het verduidelik: “U Edele, ek dink die prokureur probeer verduidelik dat ek nie sal sweer nie”. Dit het gelyk asof dit die regter irriteer en hy het gebrom: “Wel, sal jy ten minste opstaan?” Nadat die getuies voor die regbank opgestaan het, sê die regter: “Julle wat voor hierdie hof verskyn, sweer **of verklaar** [hy uiter hierdie laaste twee woorde nadruklik en rek hulle uit terwyl hy met 'n handgebaar in my rigting wys] julle plegtig om die hele waarheid en niks anders

as die waarheid te praat nie?”

Daarmee het die verhoor begin. So terloops, ons het die saak verloor.

'n Eed – veral 'n geregtelike eed – is baie algemeen in ons samelewing. Baie amptelike dokumente vereis die bevestiging deur 'n notaris – 'n bevestiging wat gewoonlik beweer dat die ondertekenaar gesweer het of 'n eed afgelê het. Byvoorbeeld, wanneer 'n eis ingedien word vereis die meeste versekeringspolisse “'n beëdigde verklaring as bewys van verlies”. Dokumente vir lenings, verkoopaktes, motor-registrasiedokumente en belastingaanslagdokumente vereis gewoonlik dat die ondertekenaar “sweer” dat die inligting daarop korrek is.

U mag dalk vra: “Waaroor gaan die groot bohaai?” Of: “Waarom is dit belangrik?” Dit is goeie vrae, veral as 'n mens van voorneme is om volgens elke woord van God te leef (Mattheüs 4:4). Terwyl Jesus Christus sy dissipels in afsondering in 'n bergagtige omgewing geleer het, het Hy dit so verduidelik: “Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie – nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak

nie. Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose” (Mattheüs 5:33-37).

Jesus se halfbroer Jakobus, bevestig hierdie beginsel wanneer hy ons leer: “Maar bo alles, my broeders, moenie sweer nie: nie by die hemel nie, ook nie by die aarde nie en ook geen ander eed nie; maar laat julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie” (Jakobus 5:12).

'n Nietige saak? Ja, maar uiteraard een wat vir God belangrik is en dus iets wat vir ons belangrik behoort te wees. In die meeste jurisdiksies maak die wet voorsiening vir 'n eenvoudige bevestiging eerder as om 'n eed af te lê. 'n Mens kan dus in die hof of by die ondertekening van 'n dokument sê: “Ek bevestig” eerder as om te sê: “Ek sweer”.

Jakobus leer ons ook: “... elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat” (Jakobus 1:19). Wanneer ons praat, behoort dit duidelik en sonder valsheid te wees, sodat mense ons “Ja” en ons “Nee” kan verstaan sonder dat 'n eed nodig is. Om meer hieroor te leer kan u ons boekie, *Die Tien Gebooie* lees. U kan aan u naaste streekskantoor (gelys op bladsy 2) skryf, of u eie gratis kopie bestel op ons webwerf, [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za). U sal daaruit leer hoe om voordeel te trek uit die baie seënninge van God wat ons verkry deur te lewe op 'n manier wat Hom behaag. **WVM**



# Die werke van Sy hande:

## Hoe oud is die aarde?

Deur Wallace G. Smith

In ons wêreld word die wetenskap en die Bybel voortdurend teen mekaar afgespeel en dit is waar dat daar beslis belangrike vrae is wat opgelos moet word. Baie van hierdie sogenaamde “konflikte” is egter illusies; wat voortspruit óf uit wanbegrip van die wetenskaplike gegewens óf uit onvermoë om die waarheid van God se woord te verstaan.

Een voorbeeld hiervan is die *ouderdom van die aarde*. Moet Christene hulleself distansieer van die huidige teorieë van bemaamde geoloë ten einde die aansprake van die Bybel te aanvaar? Presies hoe oud is die aarde werklik?

Ons kan baie duidelik uit die Skrif sien dat die skepping van die plante, diere en die mens – Adam en Eva – ongeveer 6,000 jaar gelede plaasgevind het. Die Bybel gee aan ons genoeg inligting oor die ouderdom van die aartsvaders en hulle afstammeling om tot hierdie gevolgtrekking, wat moeilik weêrlê kan word, te kom. Oor die oorsprong van die mensdom in die Tuin van Eden – byna ses millennia gelede – is God se woord baie duidelik.

Net so duidelik kom byna alle bemaamde geoloë wat op soek is na bewyse van ons planeet se ouderdom, tot die gevolgtrekking dat die aarde reeds baie *lank bestaan!* “Vra vir enige

geoloog hoe oud die aarde is”, skryf Amerikaanse geoloog G. Brent Dalrymple, “en die kans is baie goed dat die antwoord baie na aan 4,54 [miljard] jaar sal wees” (*The Age of the Earth*, bl. 305). Hoewel toekomstige ontdekkings hierdie gevolgtrekking omver kan werp, is 4.5 miljard jaar **redelik in ooreenstemming** met ander bewyse van die aarde se ouderdom, soos verkry uit meteoriete en stof van die maan.

'n Ouderdom van 6,000 jaar is sekerlik baie ver van 4,540,000,000 af!

Tog het diegene wat die Bybel in hulle lewens beproef het, al geleer om dit te vertrou as die enigste woord van God. Wat sê die Bybel *dus werklik* oor die ouderdom van die aarde? Heel verrassend sê dit *baie meer* sowel as *baie minder* as wat baie mense verstaan!

### Ses letterlike dae – maar wanneer?

Dit is wonderbaarlik en *letterlik* waar dat “in ses dae die HERE die hemel en die aarde gemaak (het), maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik” (Eksodus 31:17) en dit is ook waar dat hierdie “skeppingsweek” byna 6,000 jaar gelede plaasgevind het, net soos dit in die Skrif aangedui word. Wat baie mense egter miskyk is dat die planeet Aarde

en die hemel rondom die aarde *alreeds bestaan het* voor die begin van daardie week!

Ons lees in die *heel eerste vers* van die Bybel, **voor** die gebeure van daardie week: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (Genesis 1:1). Soos ons sal sien, daardie aanvanklike “begin” van die aarde en die hemele – lank *voor* Adam en Eva *voor* die diere en die plante soos ons hulle ken – kon baie lank gelede gewees het!

Let egter noukeurig op na die tweede vers van Genesis, waaraan baie mense nie aandag gee nie en dus as gevolg van sy normale vertaling nie die duidelike betekenis raaksien nie: “En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed” (Genesis 1:2). 'n Eenvoudige stelling, maar dit bevat heelwat meer as wat dit op die oog af blyk! Die woorde “woest en leeg” is uit die Hebreeuse woorde *tohu* en *bohu* vertaal. Hierdie twee woorde, wat net drie keer saam in die Skrif gebruik word, dui op 'n onbewoonbare woesteny – 'n toestand van verlatenheid of verwoesting. Dit is betekenisvol om daarop te let dat in die ander twee gedeeltes waar *tohu* en *bohu* saam gebruik word – Jesaja 34:11 en Jeremia 4:23 – daar aangedui word dat so 'n toestand van puin en verwoes-

ting *deur sonde teweeggebring is*.

Boonop wys geleerdes daarop dat die Hebreeuse *hayah* – vertaal as “was” in Genesis 1:2 – elders die idee kan oordra van “geword het”. Later in Genesis, in die gedeelte wat die vernietiging van Sodom en Gomorra beskryf, lees ons Lot se vrou “*het 'n soutpilaar geword [hayah]*” (Genesis 19:26). Lot het sekerlik nie met 'n soutpilaar getrou nie, sy was nie altyd so nie! Net so kan Genesis 1:2 meer gepas, letterlik vertaal word as **die aarde het 'n onherbergsame woesteny geword** – die Hebreeus impliseer nie dat die aarde in daardie toestand geskep was nie!

### Geskep in skoonheid, nie in chaos nie

Deur al hierdie feite bymekaar te voeg, verstaan ons dat God die hemele en die aarde as heeltemal ordelik en mooi geskape het, maar dat dit deur verskeie sondige handelinge woes en leeg – in puin en onbewoonbaar – geword het, met 'n behoefte aan hernuwing (vgl. Psalm 104:30), nog voordat die mens geskape is! Genesis 1:1-2 kan inderdaad akkuraat vertaal word as: “In die begin het God die hemele en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, nadat dit in puin gelê en onbewoonbaar gemaak was, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.”

Beskryf die Bybel dus enige sonde of opstand teen God voor

die skepping van Adam, wat so 'n chaos en verval kon meebring? Ja, dit word wel beskryf! Die Skrif vertel aan ons wat Satan gedoen het *voordat* hy vir Eva in die tuin van Eden ontmoet en haar verlei het om teen God te sondig (Genesis 3:1-5). God se Woord maak dit duidelik dat engele bestaan het *voordat* die aarde bestaan het en dat hulle gejubel het toe hulle sien die aarde se fondament word gelê (Job 38:6-7)! Lucifer – wat Satan die duiwel geword het – het in daardie tyd bestaan. Die Skrif beskryf aan ons dat hierdie korrupte, sondige wese die trotse engele tot 'n opstand gelei het (Esegiël 28:12-16; Jesaja 14:12-14) – 'n opstand wat volgens die Skrif een derde van die engele meegesleep het (Openbaring 12:4). Jesaja 14:14 beskryf hierdie trotse wese se begeerte om te “klim bo die hoogtes van die wolke” om God se einste troon vir homself op te eis – wat impliseer dat die verantwoordelikhede wat aan hom toegewys is onder die wolke was en dus op die aarde! Lucifer het die vrye keuse gehad om óf aan God gehoorsaam te wees, óf om ongehoorsaam te wees – *deur te weier om God se opdrag uit te voer*, het hy Satan geword – 'n teëstander van God.

Soos die gevolge van sonde maar altyd is, het Satan se opstand vernietiging en ondergang meegebring – in hierdie geval die verwoesting van die aarde wat onder sy beheer was en wat hy moes voorberei vir God se plan. Dit is

hierdie chaotiese en vervalde verwoesting, *tohu* en *bohu*, wat ons weerspieël sien in die woorde van Genesis 1:2 en dit is die wonderbaarlike sesdaagse herstel van hierdie planeet – tot 'n toestand van prag en wonder geskik vir God se skepping van die mensdom – wat ons in die res van Genesis se eerste hoofstuk sien!

Soos ons dus kan sien, is daar *genoeg* bewyse in die woorde van die Skrif om die baie antieke ouderdom van die planeet Aarde te erken. Die Bybel se duidelike beskrywing van die skepping van die mens, byna 6,000 jaar gelede, is nie teenstrydig met die Bybel se beskrywing van die engele se aktiwiteite lank voor wat in Genesis 1:2 gebeur het nie – 'n handeling van lank gelede, toe die wêreld nog vir God se doeleindes aan Lucifer en sy engele toevertrou was, vóór die skepping van die mensdom.

Presies hoe lank gelede het dit alles gebeur? Hoe lank het Satan se opstand geduur? Het die dinosourusse gedurende daardie tyd bestaan? Was dit miljard jare gelede – baie na aan die wetenskaplikes se skatting van 'n 4,5 miljard jaarou aarde? Of was dit vroeër of later? Die Bybel swyg oor hierdie besonderhede. Daar is egter geen teenstrydigheid tussen die woorde van die Skrif en die algemene wetenskaplike opvatting dat die aarde 'n baie ou planeet is nie.

Die wetenskap onthul werklik baie verborgenhede wat nog

**Vervolg op bladsy 19**

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** Die kruis is een van die mees erkende Christelike simbole in die wêreld, maar waar kom dit vandaan? Het Christus se dissipels dit gebruik?

**ANTWOORD:** Alhoewel dit waar is dat die kruis al vir lank beskou word as die weselike Christelike ikoon, het die ware oorsprong van die kruis niks te doen met die vroeëre Christendom nie. Hoewel die algemene aanname is dat Jesus Christus vasgespyker is aan die T-vormige kruis, soos vandag algemene gebruik is, is daar geen werklike bewyse daarvan nie. Die Bybel bevat **geen beskrywing** van die werklike houtpaal waaraan Christus vasgespyker is nie. Die eintlike woord wat in die Bybel gebruik word, is *stauros* (Handelinge 5:30, 10:39, 13:28-29), wat eenvoudig 'n regop houtpaal (soms met 'n dwarsbalk, soms nie), of selfs 'n boom beteken. Die Romeine het verskeie maniere gebruik om die veroordeeldes tereg te stel.

Nêrens in die Bybel word die kruis of kruisbeeld beskryf of aangewys as 'n voorwerp wat as ornament om die hals gedra behoort te word, aanbid te word, heilig verklaar te word of dat dit op enige ander soort betekenisvolle manier hanteer of behandel behoort te word deur Christene of diegene wat daarop aanspraak maak om Christus te volg nie. Die geskiedenis en argeologie swyg ook hoofsaaklik oor hierdie punt, terwyl talle verklarings aangaande die kruis en die gebruik daarvan slegs verskyn in apokriewe geskrifte of bronne wat dateer uit talle eeue na Jesus se dood.

Uit die geskiedenis lui ons af dat die simbool van die kruis dateer uit die tyd voor die Christendom en variasies daarvan verskyn in heidense kuns en godsdienste wat terugstrek tot in die antieke tyd. Die Britse Museum byvoorbeeld, is in besit van 'n Assiriese standbeeld van die seun van Koning Samsi-Vul wat 'n byna volmaakte Maltese kruis dra. Griekse gode soos Diana en Bacchus dra kruise en het baie in gemeen met latere Middeleeuse afbeeldings van die maagd Maria.

Kruise in die vorm van ankhs, regopstaande kruishoute en selfs swastika-agtige uitbeeldings word gevind vanaf Latyns-Amerika tot in Egipte en die Ooste; een letter van die Semitiese alfabet lyk selfs soos 'n kruis en dateer terug tot ongeveer 1500 v.C. Omdat die wette van God en die leerstellings van Jesus Christus en Sy dissipels die gebruik van ikone en gesnede beelde om God of Christus te verteenwoordig summier veroordeel het, sou getroue Christene en opregte aanhangers van hierdie leerstellings nie sulke ikone in hulle aanbidding gebruik het nie.

Alhoewel daar baie belydende Christene was wat gedurende die eerste eeue n.C. die naam van Christus aangeneem het, maar wat in werklikheid mislei is of afvallig geword het as gevolg van die invloed van heidense godsdienste, kan met reg aanvaar word dat hulle variasies van die kruis gedra het ter ere van Christus. Die eerste amptelike "Christelike" gebruik van die kruis het egter nie voor 312 n.C. onder die heerskappy van die heidense Romeinse Keiser Konstantyn begin nie. Konstantyn het beweer dat hy 'n visioen van 'n tipe kruis gehad het (waarskynlik die Chi Rho of soortgelyke voorwerp, wat bestaan uit 'n P- en 'n X-vormige simbool wat saamgesmelt het en wat Christus se naam in Grieks uitbeeld). Hy het glo ook 'n bevel ontvang om dit aan te bring op die vaandels van sy leër om sodoende sy vyande te oorwin! Dit lyk na 'n suiwer polities-gemotiveerde skuif om beheer te verkry oor die toenemend gewilde **afvallige stelsel** van die "Christendom" in Rome gedurende daardie tyd (*Vine's Expository Dictionary of Old and New Testament Words*, "Cross"). Konstantyn het hierdie simbool gebruik om homself te assosieer met goddelikheid en om sy weergawe van wat Christelikheid is die staatsgodsdienst van die Romeinse Ryk te maak.

Selfs die *Chi Rho*-kruis het egter verband met die antieke heidense oorsprong en bewerings dat dit voor die vierde eeu deur die vroeëre Christene gebruik is, word nie deur konkrete bewyse ondersteun nie.

Daar word geen beskrywing in die Bybel gevind van die spesifieke soort *stauros* of kruis wat gebruik is in Christus se kruisiging nie en daarom behoort Christene vandag te fokus op die betekenis van Christus se offer, wat Hy **op hierdie oomblik** doen en waarom. Die feit dat die tradisionele kruis sy oorsprong in heidense godsdienste het, moet ons laat weifel. Die Bybel verbied die gebruik van simbole en beelde as deel van ons aanbidding van God.

In Eksodus 20:3-5 beveel God Sy volk spesifiek om nie neer te buig voor 'n gesnede beeld nie @ 'n waarskuwing wat geïgnoreer word deur diegene wat vandag in hulle godsdienstige beoefening die knie buig voor 'n kruis. Hierdie opdrag word weer in die Nuwe Testament benadruk met die apostel Johannes se vermaning aan Christene: "My kinders, bewaar julleself van die afgode" (1 Johannes 5:21). **WvM**

# Profesie neem

## Onheilspellende neigings in Israelitiese nasies

Wat hou die toekoms in vir die Verenigde State, Brittanje, Australië, Kanada, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en die ander Engelsprekende nasies van Britse afkoms – die sogenaamde “Anglo-Saksiese” nasies van die wêreld? Wat hou die toekoms in vir die Midde-Oosterse nasie, Israel? Gedurende die afgelope paar jaar het het nuusberigte dramatiese gebeure uitgebeeld wat in hierdie streke voorgekom het – gebeure wat nie geïsoleerde voorvalle was nie, maar wat in werklikheid toenemende tendense reflekteer, wat niks goeds voorspel nie. Alhoewel die moderne wêreldse media geen verband kan sien tussen die hedendaagse tendense en die antieke Bybelse profesieë nie, het die Skrif inderwaarheid lank gelede reeds voorspel wat nou met die hedendaagse afstammelinge van antieke Israel gebeur asook wat nog in die toekoms gaan gebeur. Nog belangriker is dat die Bybel ook verduidelik *waarom*.

### Onheilspellende weersfaktore

Die Golfkus en oostelike kusstrook van die Verenigde State is die afgelope paar jaar deur groot orkane verwoes. Terselfdertyd het geweldige oorstromings met uitgebreide skade aan eiendom langs die Mississippi- en Missouririviere

voorgekom. Tans ly meer as 60% van sentraal Amerika onder uitermatige droogtetoestande, wat die veegetalle uitdun en aansienlik verminderde oesopbrengste tot gevolg het. Watervlakke in die Mississippi-rivier wat daal, dreig om vragbote in hierdie uiters belangrike waterweg tot stilstand te bring. Gedurende hierdie selfde periode het die Verenigde Koninkryk uiterste weersomstandighede ervaar: Sterk winde, hewige reënstorms en ernstige oorstromings wat dele van die land verwoes. Gedurende die laaste aantal jare het Australasia ernstige oorstromings, verwoestende brande, aardbewings en die langste, ernstigste droogte wat tot dusver aangeteken is ervaar. *Dit alles is nie geïsoleerde gevalle nie!*

### Onheilspellende morele faktore

Oor die laaste paar dekades het die invloed van Bybelse waardes op die openbare terrein in die Engelssprekende nasies, asook die nasies van noordwestelike Europa, vervaag. Kerkbywoning het afgeneem, openbare gebede is ontmoedig of verbied en gedrag wat vroeër as sonde gebrandmerk was word nou aangemoedig en geprys. Die saambly van onge troude pare, homoseksuele

gedrag en huwelike met dieselfde-geslag word nie net deur politici en teoloë ondersteun en goedgekeur nie – in sommige gevalle word dit ook deur hulle self beoefen. Onlangs het die Nasionale Katedraal in Washington, DC aangekondig dat huwelike met dieselfde geslag in hierdie baie belangrike gebou voltrek gaan word. In Januarie 2013 het die Amerikaanse President Barack Obama met sy tweede intreerede gesê hy beskou homoseksuele verhoudings “gelykstaande” aan liefde binne die huwelik soos tussen 'n man en 'n vrou. Intussen het Australië bekend geraak as 'n “homoseksueel-vriendelike” land, bekend vir Sydney se “Gay en Lesbiese Mardi Gras”. Soortgelyke tendense kan in die Verenigde Koninkryk waargeneem word. Pornografie en prostitusie is algemeen beskikbaar en word nou regoor die wêreld via die Internet versprei – waarvan baie in Amerika vervaardig word. Dit is geen verrassing dat statistiek toon dat die Engelssprekende nasies die wêreldleiers in egskeidings en buite-egtelike kinders is. *Hierdie is nie geïsoleerde feite nie – dit is deel van 'n groter prentjie.*

### Onheilspellende geo-politiese faktore

Amerika en Brittanje, twee



# gestalte aan

nasies wat vir die laaste paar eeue die wêreld oorheers het, het nou albei te kampe met ernstige finansiële probleme. Om die tekorte te verminder besnoei hulle grootliks aan hulle verdedegingsuitgawes en dit terwyl hulle vyande hulle militêre uitgawes verhoog. Amerika se belastingswanbestuur bedreig ook die toekoms van die dollar. Namate die wêreld 'n gevaarliker plek word, is Amerika en Brittanje – eens die wêreld se polisieman – al hoe minder in staat om 'n stabiliserende rol te speel en om hulle kwesbare bondgenote soos Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika te verdedig. Ander nasies tree nou na vore ongeag Amerika en haar Anglo-Saksiese bondgenote. Argentinië is weer besig om lawaai te maak om beheer te verkry oor die Falkland-eilande. In die Midde Ooste trotseer Israel vuurpylaanvalle, dreigemente van invalle en voortdurende opstande wat dreig om die land uitmekaar te skeur. Leiers van die Moslem Broederskap in Egipte – wat verklarings van Iran napraat – sê dat “Israel teen die einde van die dekade nie meer sal bestaan nie”.

## Profesieë neem gestalte aan

Waarom kom daar nou so baie onheilspellende tendense te voorskyn in hierdie nasies? Die antwoorde word gevind in Bybelse profesieë. Min mense

besef vandag dat die Anglo-Saksiese volke van Noordwes-Europese afkoms 'n noue verbintenis met die Israeliete van die Bybel het. God het Sy wette aan die Israeliete gegee – nie omdat hulle beter is as enigiemand anders nie, maar sodat hulle 'n lig vir die wêreld kon wees en 'n voorbeeld vir ander nasies. God het gesê dat hulle geseën sal wees indien hulle Sy wette gehoorsaam – wette wat 'n huwelik as 'n heilige verbintenis tussen 'n man en 'n vrou definieer (Genesis 2:24) en Hy maak bekend dat Hy egskeiding haat (Maleagi 2:16). God stel dit duidelik dat homoseksualiteit 'n gruwel is (Levitikus 18:22) en dat owerspel – seks buite die huwelik – 'n ernstige sonde is (1 Korinthiërs 6:9-11, 15-18).

Dit is betreurenswaardig dat die politieke en godsdienstige leiers van die hedendaagse nasies wat van Israel afstam, hierdie Bybelse wette van God grootliks geignoreer of vergeet het. In 'n onlangse onderhoud het die Dekaan van Washinton se Nasionale Katedraal, met betrekking tot die onlangse regverdiging van dieselfde-geslag huwelike gesê: “Ek het die Skrifte bestudeer en ek glo dit is die regte ding om te doen”.

Wat die meeste mense vergeet, is dat God ons waarsku oor die *ernstige gevolge* vir diegene wat aan Sy wette

ongehoorzaam is en hulle van Hom distansieer. Ons lees: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp ... dan sal Ék dit ook aan julle doen ... julle haters sal oor julle heers ... Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper [droogte] ... Ek sal julle stede puinhope maak” (Levitikus 26:14-15, 17, 19, 31-32). Ook: “Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God ... Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak ... Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees” (Deuteronomium 28:15, 43-44). Dit is wat vandag gebeur, maar min mense sien egter die verband tussen die antieke profesieë en die hedendaagse tendense.

God se profetiese boodskappe aan die antieke Israeliete is verseker steeds van toepassing op die hedendaagse Israelitiese nasies. Jeremia verkondig. “Want my volk is dwaas; My ken hulle nie ... slim is hulle om kwaad te doen ... die profete profeteer vals ... en my volk wil dit graag so hê” (Jeremia 4:22, 5:31). Jesaja waarsku: “... jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak” (Jesaja 3:12). Hosea sê: “Die profeet

word 'n dwaas, die man van die gees 'n waansinnige, weens die grootheid van jou ongeregtheid ... Hulle is diep korrup ... Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai ... Omdat hulle my verbond oortree het en teen my wet gesondig het" (Hosea 9:7-9, 8:7, 1).

Talle profesieë waarsku dat "onheil" die Israelitiese nasies "aan die einde van die dae sal teëkom" (Deuteronomium 31:29) en dat die ondergang en

val van die Israelitiese nasies *skielik sal kom* (Deuteronomium 28:20; Jesaja 9:14, 29:5, 30:13). Hosea voorspel: "En die trotsheid van Israel getuig openlik teen hom; en Israel en Efraim [vandag die lande wat van die Britte afstam en die VSA] sal struikel deur hulle ongeregtheid; ook Juda [die Midde Oosterse nasie van Israel] sal saam met hulle struikel" (Hosea 5:5). Dit sal die uiteinde wees van die onheil-

spellende tendense wat deesdae in die hedendaagse Israelitiese nasies ontplooi – tensy hulle mense, individueel en nasionaal, hulle sonde erken en hulle bekeer! Vir meer inligting oor hierdie wesenlike onderwerp, lees ons boekie oor *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

—*Douglas S. Winnail*

### Vervolg vanaf bladsy 14 – Dit was net 'n grap!

selfverheffend? Baie van wat ons samelewing as "humor" beskou, is in werklikheid die teenoorgestelde van liefde.

Ten slotte behoort jy daaraan te dink of jou humor opbou of afbreek. Al ons

onderlinge kommunikasie – met inbegrip van ons humor – behoort opbouend te wees. "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade

kan gee aan die wat dit hoor" (Efesiërs 4:29). As ons humor positief, opbouend en gemotiveer word deur liefde, sal ons nie later spyt wees nie, soos diegene wat moet verduidelik: "Dit was net 'n grap!" **WVM**

Besoek ons webwerf by: [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur: [www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

### Vervolg vanaf bladsy 18 – Is u 'n Quartodesimaan?

deur hulle beskou as die norm" (bll. 64-65).

Rouwhorst merk ook op: "Ten slotte, toe die stryd eers gewen is [deur die Roomse kerk] en die Quartodesimane maar 'n klein minderheid uitgemaak het, het hulle teenstanders gebruik gemaak van 'n ander strategie. Hulle het probeer om die argument van apostoliese gesag af te maak as van minder belang en dit ondergeskik te maak aan 'n beginsel wat hulle beskou het as van veel groter belang, naamlik die handhawing van eenheid, dit wil sê, volg die meerderheid. Om terug te keer na die tradisie van die Apostels,

sover die viering van Paasfees aanbetref, was dit kenmerkend van sektariese bewegings wat vasgehou het aan outydse tradisies" (*ibid.*, bll. 84-85). Hulle was egter nie outyds nie. Hulle het nie probeer om Joods te wees nie. Hulle was gehoorsaam aan Christus en die Apostels.

#### Die werklike keuse

Die apostel Judas het aan die eerste eeuse Kerk 'n boodskap gegee wat vandag nog steeds van krag is vir Christene: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die

noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om **kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is**" (Judas 3). Daardie geloof het van die begin af die Christelike Pasga ingesluit en sluit dit nog steeds in. Dus, sal u die opdrag en voorbeeld volg van Jesus Christus en die Apostels soos dit aangeteken is in die Skrif? Of sal u tevrede wees met die heidense tradisies wat ingestel is en wat dit vervang het? Sal u gehoorsaam wees aan God se woord, die ware Christelike Pasga onderhou en 'n Christelike "Quartodesimaan" wees? **WVM**

### Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

Aangesien God se ware heiliges vir *Satan* en sy demone gaan *vervang* om oor hierdie wêreld te heers (Openbaring 5:9-10), *haat Satan dit* en vul hy die wêreld met allerhande skandelige idees aangaande seks en ander vorms van selfsugtigheid en fokus *te alle tye* op menslike plesier, eerder as op gehoorsaamheid aan die Skepper.

As ons nie versigtig is nie, sal Satan die duiwel dadelik allerhande soorte bose gedagtes in ons verstand plaas. Selfs wanneer ons aan gewone dinge dink en gewone boeke lees en na alledaagse televisieprogramme kyk, sal Satan soms begin om *ons gedagtes te bombardeer* met gemeenheid, ydelheid of haatdraendheid. Hy sal ons daartoe aanhits – **indien** hy kan – om verkeerde dinge te doen ten opsigte van seks en selfs **geweld**. Wanneer u in die oë kyk van sommige van die mans wat die verskriklikste wreedhede gepleeg het deur dosyne jong mense gedurende die afgelope jare in skole te vermoor, sal u dikwels 'n vreemde “wilde” uitdrukking daarin sien. Sielkundiges skryf dit alles dikwels toe aan 'n psigologiese ineenstorting. *God alleen weet*. Namate hierdie dinge egter toeneem en ook die bewustheid van God se mense en Sy *ware* leraars toeneem, sal ons vind dat baie van hierdie situasies veroorsaak word deur *demone* wat die denke van hierdie perverse individue beïnvloed of teister. Satan is tog **'n werklikheid**. Dit is nodig dat ons besef dat ons in 'n “geestesoorlog” gewikkel is – vegtend teen die onsigbare magte van Satan die duiwel!

Die apostel Paulus is geïnspireer om elke opregte Christen te beveel: “Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug” (Efesiërs 6:11-12).

Ons is inderdaad in 'n *geestesoorlog* gewikkel. Besef dit asseblief vir *u* eie beswil. Moet **nie** u waaksaamheid verslap nie! Die Bybel beveel ons om die “volle wapenrusting” aan te

trek sodat ons staande kan bly in die dae van die bose. Mag God u, ons lesers, almal help om die mag van Satan se misleiding op 'n persoonlike en nasionale skaal deeglik te verstaan in die jare wat binnekort voorlê. Die tyd sal *spoedig* aanbreek dat Satan self na hierdie aarde teruggewerp sal word ná sy finale poging om God se troon aan te val. Hy sal neerdaal “met **groot woede**, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:9-12).

Sal *u* gereed wees? Sal u gewillig wees om die Bybel te *glo* en die onsigbare magte wat probeer om “met u verstand te mors”, te weerstaan? Sal u die Duiwel so kragtig kan **weerstaan** dat hy nie in staat sal wees om *u* en u geliefdes *te vernietig* in die geestesgevegte wat voorlê nie?

Namate Satan voortgaan om verkeerde gesindhede en idees regdeur hierdie wêreld se atmosfeer uit te saai, sal hy negatiewe en ontnugterende gedagtes en idees in *u verstand* plaas. Hy sal probeer om u te beïnvloed om *teenstrydig* met die weë en wette van u Skepper te *handel* – **indien** u hom toelaat. Dit is waarom God die apostel Jakobus geïnspireer het om aan ons te sê: “... **weerstaan** die duiwel, en hy sal van julle **wegvlug**” (Jakobus 4:7). U moet *u deel* doen deur daadwerklik daardie verkeerde gesindhede te weerstaan wanneer u begin besef dat baie van hulle *direk* van Satan die duiwel afkomstig is.

Vra dus die Almagtige God vir begrip en vir Sy bevryding en maak seker dat u *werklik* die grondbeginsels *bewys*: Om te erken dat 'n baie werklike God – die Skepper van hemel en aarde – wel bestaan en *in beheer is* van die belangrikste gebeure in hierdie wêreld en in *u lewe*. U het ware insig in hierdie basiese sake nodig ten einde fisies en geestelik te kan oorleef in die komende gevaarlike jare. Indien u belangstel, kontak ons sommer nou om u *gratis* kopieë van ons boekies, *Die ware God: Bewyse en beloftes* asook *Die Bybel: Feit of fiksie?* aan te vra. Hierdie *weldeurdagte* en behulpsame boekies sal u ware insig gee, veel meer as wat u moontlik ooit voorheen gehad het en dit *sal u geloof versterk*.

Moet **nie** toelaat dat Satan die duiwel u verwar nie. Moet nie toelaat dat Satan die duiwel “met u

verstand mors nie". Die Bybel leer ons so duidelik: "Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus" (2 Korinthiërs 10:3-5).

My vriende ons leef in onstuimige tye. Miljoene Rooms-Katolieke hoop dat die volgende Pous, ná die bedanking van Pous Benedict XVI – van krag vanaf 28 Februarie 2013 – vernuwing sal bring in 'n veelbewoë instelling. Gelukkig vestig ware Christene hulle oë op

Christus. Ons moet hard daarteen veg dat Satan ons **nie** verder insleep in die moderne "Babilon" nie – daardie stelsel van godsdienstige verwarring en eiesinnigheid wat gelei word deur Satan die duiwel. Ons moet gewillig wees om te **handel** volgens die Waarheid soos God dit aan ons openbaar. Ons moet gewillig wees om met 'n gevoel van dringendheid uit te kom uit die moderne "Babilon" (Openbaring 18:4). Mag God u help om u deel te doen!



# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en meld dat u navraag doen  
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**